**BESTUURSOPSOMMING**

# Chemise beheer van antraknose op lupiene.

**AB Van Jaarsveld**

**2002**

**Departement van Landbou, Wes-Kaap**

# BESTUURSOPSOMMING

## 1.TITEL

Chemiese beheer van antraknose op lupiene.

Sedert antraknose in Suid Afrika geidentifiseer is het dit amok in veral *Lupinus albus* aanplantings veroorsaak. Eers in die Oos-Vrystaat en daarna in die Wes-Kaap. Alle moontlike fitosanitêre beheer het misluk. Antraknose is huidiglik 'n beperkende probleem vir produsente en lupien produksie. Hierdie siekte het die potensiaal om die lupienbedryf tot stilstand te dwing of om produksie wesentlik in te kort. Dit sal die rol van lupiene as proteïenbron vir die veevoer bedryf, en vee produksie oor die algemeen, laat wegval.

Alhoewel die lupiensiekte reeds lank in die buiteland voorkom is daar nog geen effektiewe beheermaatreels ontdek nie. Skoon saad word egter allerweë aanvaar as die beginpunt vir beheer of beperking van die siekte. Daarna volg wisselbou en higieniese bewerkings praktyke. As gevolg van die gemak waarmee die swamspore kan versprei is hierdie maatreels nie voldoende om onbesmette (skoon) saad te kan produseer nie. Daar moet dus na enige ander manier om ontwikkeling van die siekte te vertraag, verkieslik beperk, gekyk word.

In die lig hiervan het die lupienwerksgroep tydens die vergadering van 6 April 2000 besluit dat die aanwending van swamdoders teen antraknose 'n navorsingsprioriteit is.